# HILLCREST HIGH SCHOOL

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

# GRAAD 11

# VRAESTEL 3

# STELWERK

# JUNIE 2019

**TYD: 2 UUR** **PUNTE: 100**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye**

**Inligting en instruksies**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 3 afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A: | Opstel | (50) |
| Afdeling B: | Lang Transaksionele Skryfstuk | (30) |
| Afdeling C: | Kort Transaksionele Skryfstuk | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| Afdeling A: | 80 minute |
| Afdeling B: | 40 minute |
| Afdeling C: | 30 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit in die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. **Skryf jou Afrikaanse onderwyseres se naam op jou antwoord-boekie neer.**

**(Jordaan, Middleton, Meiring, Gilbert, Haluman of Ramdhani.)**

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- **Skryf 'n opstel van 200 -250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk.**

1.1. As daar geen skoolreëls was nie.

1.2. Dink jy dit is regverdig vir ryk lande om arm lande te ondersteun?

1.3. Daardie dag was dit chaos by die huis.

1.4. 'n Dag wat ek nooit sal vergeet nie.

1.5. Ek sal eendag 'n rolmodel vir my kinders moet wees.

1.6. Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor.
Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1.) neer.
**Jy moet 'n titel/opskrif vir jou opstel skryf.**

**LET WEL:** daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1.




1.6.2.



Bron: Google Clipart

1.6.3.




(50)

Bron: Can Stock Photo

**Totaal afdeling A: 50 punte**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1. **DIALOOG**

Jy is smoorkwaad vir jou vriend/vriendin. Hy/sy het iets gedoen wat jou baie seergemaak het. Julle twee bespreek die insident op ‘n siviele manier.

Skryf hierdie DIALOOG.

2.2. **INFORMELE VERSLAG**

Jy het gehoor hoe twee van jou klasmaats beplan om ‘n onderwyser by die skool se skootrekenaar te steel. Die volgende dag was die rekenaar weg.
Jy het vir die onderwyser gaan vertel wat jy gehoor het. Hy het jou gevra om vir hom ‘n volledige verslag hieroor te skryf.

Skryf hierdie VERSLAG

2.3. **HULDEBLYK**

Jou geliefde vriend/in is skielik in ‘n grusame ongeluk oorlede. Jy is gevra om by die gedenkdiens ‘n huldeblyk te lewer.

Skryf die HULDEBLYK.

2.4. **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy is deel van ‘n organisasie by die skool, HOU ONS RIVIER SKOON. Dit is vir jou vreeslik lekker om deel te wees van iets so positiefs wat ‘n verskil maak. Skryf aan ‘n vriend in ‘n ander provinsie en vertel vir jou maat van julle werk.

Skryf die brief.

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 3

- **Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.**

1. **UITNODIGINGSKAARTJIE**

Jy is deel van ‘n groep wat die jaarlikse Engel Tee by die skool reël. Die fondse wat hier ingesamel word, word gebruik om kinders in jul eie skool te help wat deur ‘n moeilike tyd gaan. Jy is gevra om die uitnodigingskaartjie vir hierdie jaar se funksie te ontwerp.

Skryf ‘n UITNODIGING om mense van die gemeenskap te nooi om die funksie by te woon.

2. **DAGBOEKINSKRYWING**

Dit is jou broer se agtiende verjaarsdag, maar hy weet nie dat jy en jou ouers ‘n verrassingpartytjie gereël het nie.
Jy is baie opgewonde daaroor.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSRYWINGS:

- Die aand vóór die verrassingspartytjie.
- Die dag ná die verrassingspartytjie.

3. **INSTRUKSIES**

Julle bure is genooi na 'n partytjie waar kinders nie toegelaat word nie. Hulle vra jou om hulle vyfjarige seuntjie op te pas terwyl hulle vir die naweek weg sal wees.
Skryf SEWE INSTRUKSIES neer wat die seuntjie se ma vir jou gee oor wat jy moet doen om seker te maak dat hy veilig en versorg is.

Skryf die INSTRUKSIES.

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**